

Rut 3 - Die wêreld van die teks en die wêreld agter die teks

1. Die wêreld van die teks

1.1 Die struktuur

Teks	Karakters
3:1-5	Rut en Naomi
3:6-8	Verhalende gedeelte: Rut wat optree volgens Naomi se opdragte en wag op Boas se opdragte.
3:9-16a	Boas en Rut
3:16b-18	Naomi en Rut

1.2 Die sintaktiese merkers en woorde in Rut 3

- 1.2.1 Naomi wat “gebeure van die teks” in werking bring deur haar opdragte aan Rut. Naomi het ‘n versugting om aan Rut “‘n tuiste in die huis van ‘n man te vind (Rut 1:9)”. Dit bring gebeure van Rut 3 in beweging.
- 1.2.2 Rut word as *die vrou* (Rut 3:8, 11, 14) en Boas as *die man* (Rut. 3:3, 16, 18) aangespreek (man en vrou dieselfde Hebreeuse stamwoord).
- 1.2.3 Die deugsame vrou en die deugsame man. Die Betlemiete weet dat (i) Rut ‘n deugsame vrou is (ten spyte van haar Moabitiese oorsprong) en (ii) dat Boas ‘n welgestelde, eerbare, deugsame man (Rut 2:1) is met mag en status in die Betlehem/Efratitiese gemeenskap en familie.
- 1.2.4 Die versigtige gebruik van Hebreeuse woorde: beste klere (*sîmla*) is ‘n kleding wat as “kometers” kan dien (Eks.22:25-26), hubare vrou/slavin (Rut 3:9), mantel (Rut 3:9), bly (Rut 3:13).
- 1.2.5 Die gebruik van *hesed* (3:10) as uitdrukking van familiejaliteit (eer behou en eer vermeerder).
- 1.2.6 Die woordspel “die Here het my **leeg** laat terugkeer” (Rut 1:21), teenoor “jy mag nie met **leë** hande by jou skoonma aankom nie” (Rut 3:17). Die oestyd is verby, maar Boas gee vir hulle nog kos, sodat hulle in die huis van brood nie gebrek sou ly nie.
- 1.2.7 Die “saak uitval” bou spanning op na die vergadering van die oudstes in die dorpspoort vir regspraak en ander sake (Rut 4:1-9). Boas beroep hom op die regspraak van die oudstes in die dorpspoort. ‘n Deugsame en regverdige man.

2. Die wêreld agter die teks

- 2.1 Die wêreld van eer-skande wat dalk die betekenis van Rut 3:7 kan beïnvloed. In 'n wêreld van eer-skande sou Boas sensitief gewees het in sy optrede jeens Rut in Rut 3 (sien ook Rut 2) en hy sou nie “intimiteitsreëls” of “huweliksreëls” of losserreëls” of “tora-reëls” of sosiale gebruike oortree wat hom of haar in die skande sou bring nie. Hy is bewus van die implikasies van die losser reëls. Sy eer lê daarin dat hy die losserreg nakom, dat daar van sy daad in die dorpspoort gepraat word en dat Rut in die dorpspoort besing word as ‘n deugsame vrou (kyk na Spr. 31:10-31 – die deugsame vrou).
- 2.2 Boas as “familie”, hy is een van die die lossers van Elimeleg.
- 2.3 Die dorsvloer as die ruimte van die man. Die plek waar die gars uitgewan word.
- 2.4 Die nag as (i) die ruimte van die “vroue van die nag” (prostitute) en (ii) die naggeeste (die interpretasies van die Targums).
- 2.5 Die betekenis van “gaan nader, maak sy voete oop en gaan lê daar” (Rut 3:7). Dui dit op (i) Boas en Rut wat intiem verkeer (gemeenskap) gehad het of (ii) Eks. 4:17-25 wat ‘n verbondsmatige interpretasie aan die teks verleen?
- 2.6 Om jou te was, met olie te salf en mooi klere aan te trek kan dui op (i) gereedmaking vir hofmakery (verleiding) (lees Gen. 19:30-38 oor die ontstaan van die Moabiete en Ammoniete), (ii) die hofmakery (verleiding) wat aanleiding gee tot intieme verkeer, (iii) die opheffing van ‘n routydperk (koning Dawid – 2 Sam. 12:20). Wil Naomi vir Rut oproep: jou “routydperk” is verby?
- 2.7 Die betekenis van “gooi u mantel oor u slavin” (Rut 3:9). Kan dui op ‘n aansoek om huweliksluiting.
- 2.8 Die Sippora-handeling van Eks. 4:18-25 as verbondsmatige handeling wat Rut 3:7 – “sy voete oopmaak en daar gaan lê” – se interpretasie in nuwe lig plaas.
- 2.9 Die terugkerende Naomi vanuit Moab na Betlehem simboliseer Israel se terugkeer uit ballingskap.

Rut 1:1-5

Naomi herhaal en bevestig dat Boas van Elimeleg familie is. Hy is familie van Naomi, nie Rut nie. Naomi insieer die gebeure. Naomi wil vir Rut “‘n tuiste soek waar dit met haar goed sal gaan” (Rut 3:1). Hierdie uitdrukking is ‘n idiomatiese uitdrukking wat dui op huweliksgeluk (Jer. 7:23), sekuriteit (Jer. 42:6), ‘n lang lewe (Deut. 4:40; 5:16), materiële voorspoed (Jer. 40:9) en baie kinders (Deut. 6:3). Naomi bring haar eie gebede in vervulling. Gebedsverhoring is “om gebede te doen”. Goddelike en menslike inisiatiewe word nie uitgesluit nie. Rut moet haar mooi maak. In Es. 16:8-10 is die skoon was, die parfuum en die mooi klere simbool van Jahwe se trou en verbondsluiting met Israel. Jahwe “trou” met Israel. Laat Naomi vir Rut soos ‘n bruid aantrek? Is dit die einde van die routydperk van Rut? Rut moet na die dorsvloer, die ruimte van die manne, gaan. Die gars word uitgewan met getande dorsslee

(Jes. 41:41), of onder dierepote of onder die wiele van waens (Jes. 28:28). By die dorsvloer moet Rut uit die oog van die manne en Boas wag totdat Boas klaar gewerk en na sy werksdag genoeg geëet en gedrink het. As Boas sy slaapplek gevind en gaan slap het, moet Rut nader gaan, sy voete oopmaak en by sy voete gaan lê (Rut 3:4). Lg. word verskillend interpreteer. Die seksuele ondertone is onmiskenbaar. “Voete” is eufemisme vir geslagsdele (Eks. 4:25; Rig. 3:24; Deut. 28:57). Om by iemand se voete te lê, dui ook op (i) onderwerping aan gesag (Eks. 11:28; Deut. 11:24) en (ii) soeke na beskerming. Of (iii) ‘n huweliksaansoek teen die verbondsuitspraak in Rut 1:16 waarin versoek word Boas om haar onder sy vleuels te neem deur sy mantel oor Rut te gooi (Rut 3:9). Die mantel is die kleed van die godsdienstige Joodse mans met die klossies aan die some as simbool van die tora wat hulle moet onthou en uitleef (Num. 15:37-45). Die klossies as konstante herinnering aan die wette van Moses. Rut – vreemdeling – inisieerder – verbondsgenade aan vreemdeling wat opgeneem word in die gemeenskap van Israel (*qahal Jahwe*) – heidene in God se raadsplan – die verbondsluiting met Jahwe – ‘n nageslag uit Boas gebore – koning Dawid, Koning Jesus. Die voete van Boas wat oopgemaak word, dui op die verbondsverhouding Jahwe met Israel. Boas sal vir Rut vertel wat sy moet doen.

Rut 3:6-8

Om genoeg te eet en te drink kan dui op (i) slegte besluitneming (Ester 1:10) of (ii) weerloosheid (2 Sam. 13:28). Gaan Boas in hierdie slaggate trap? Eerbare Boas skrik om middernag wakker met ‘n vrou by sy voete. ‘n Vrou? ‘n Naggees? ‘n Vrou op die dorsvloer en dit in die middel van die nag?

Rut 3:9-16

Rut identifiseer haarself, Rut, een van jou slavinne. Om jou naam aan iemand bekend te maak impliseer dat die ander “gesag” oor jou het. Om jou mantel oor iemand te gooi is ‘n idiomatiese uitdrukking wat dui, trou met my (Es. 16:8). In Arabië neem ‘n man ‘n vrou tot sy bruid wanneer hy sy mantel oor haar gooi. Die vrou neem die inisiatief in die manlike wêreld. Rut herinner Boas aan sy losserskap. Rut se *hesed* is vir haar familie, nie om in die huwelik te tree met ‘n arm of ryk man nie. Boas bevestig haar deugsameheid. Die Hebreeuse woord, “bly” (*lîn*), het geen seksuele konnotasie nie en beteken om iemand te beskerm. Dit herinner aan die woorde van Rut in Rut 1:16 – “en waar jy bly (*lîn*) sal ek bly”. Sien in hierdie verse die benoemings van Rut en Boas: deugsame vrou – deugsame man. Rut is ‘n hubare (Rut 3:9) en ‘n deugsame vrou, nie meer net ‘n slavin/diensmeisie nie. Haar eer word in die stad genoem (Rut 3:11). Hulle eerbaarheid word verder versterk deur die ses mate gars: hoef nie te bedel of agter ander op te tel nie. Hulle word voorsien van brood in die huis, van brood deur die patronaat, Boas. Is Boas ‘n losserskap of iemand wat as regverdige vir die saak van die weduwee en wees opkom (Job 22:9)?

Rut 3:17-18

Die spanning laai op: die vermoënde, invloedryke, eerbare Boas gaan sy losserskap in die dorpspoort stel. Gaan hy as lossers aangewys word of gaan die ander wat voor hom in die losserskap is die verantwoordelikheid aanvaar?